

Area Verslag



Mev Kotzè:

Die tema van 2023 - 2024 is "Kaalvoet-dapperheid" en dis 'n uitstekende tema wat Area 1 se dames perfek beskryf. Hierdie dames staan vir nijs terug nie, hulle ken die Rots waarop hulle staan en durf alle kraglose dae sowel as slaggate en wat daarmee saamgaan, met dapperheid aan.

Area 1 het deur die jare regtig deel van van my menswees geword. Vir my is die lede van hierdie area werklik uitblinkers en staatmakers en dis 'n voorreg om lid van die Area te wees.

Elke lid wat getrou deelneem aan kompetisies, of hulle wen of nie, is wenners want hulle verryk hulself voortdurend.

Mevrou, Ons het ongelukkig gedurende 2023 drie lede en ander geliefdes aan die dood afgestaan en daar is ook baie lede in ons area wat met ernstige siektes worstel.



Kan ons vanoggend ook in stilte dink aan die slagoffers van die oorloë in die Oekraïne en Israel asook alle ander konflik areas sowel as slagoffers van natuurlike krisisse.

Ek vra 'n oomblik van stilte terwyl ons hulle aan ons Hemelse Vader opdra.

Die **Konferensie** in 2023 was 'n dag soos gewoontlik gevul met



talle hoogtepunte.

Gasvroutak



Alpha wentak



Groet Gerda

Die wentak in die gevorderde afdeling was Alpha, en in die beginner afdeling het Kroonstad se dames koning gekraai.

Toe gaan Area 1 Kongres toe waar lede wys hoekom ons as Area 1 bekend staan.



Die trofee kom huistoe en kan vandag by die uitstalling van artikels gesien word.

Die area is baie goed verteenwoordig en ons verower 'n aantal trofee wat verseker dat die area as wenners aangekondig word.

Die **seminaar** in Welkom soos aangebied deur Sonia van Zyl en Alti Janse van Vuuren is baie goed ondersteun en lede het die kennis wat gedeel is baie insiggewend gevind.



Enkele takaangeleenthede en vergaderings

Takbesoeke in 2023 was afskeidsbesoeke en baie spesiaal en dit was 'n groot voorreg om die takke in my area te besoek. Al die vergaderings was waarlik interessant met 'n hoë standaard. Studierigtigs of Temas is suksesvol hanteer.

Dit was bittersoet besoeke en ek kon elke taklid persoonlik groet terwyl ek nog allerlei vaardighede bygeleer het.



Alpha



Edenville



Holfontein



Koppies



Kroonstad



Parys



Steynsrus

‘n Paar hoogtepunte uit takvergaderings

Alpha



Beanies en slaapkouse vir ons senior burgers

Edenville:

Lede leer om ‘n kaartjie te versier met fyn papierblommetjies . Ansie Greeff leer lede die kuns van Quilling.

Tydens ‘n werkswinkel versier elkeen haar eie houtkissie



Holfontein

Lede gee aandag aan gesondheid en CPR word prakties gedemonstreer



Koppies:

Koppies se lede word in die Heilbron Herold vereer, babas is altyd welkom en Koppies sê VLU is pret.



Kroonstad

‘n Besonderse naaldwerkvergadering en nimmereinder VLU lid Ans Serfontein verjaar



Parys:

Parys se lede neem gereeld aan kompetisies deel en Marietjie le Roux leer lede meer oor kunsbeginsels



Steynsrus



Steynsrus leer bak en Achor Yeast gee vir elke lid 'n geskenkpakkie.

ACWW

Takke stap steeds onder moeilike omstandighede om VVLU en ACWW in hulle dorpe bekend te stel



Werkswinkels

Wat beteken dit om aan VVLU te behoort? Ons verbreed ons kennis en dit wel deur gewilde werkswinkels.

Die area bied 'n werkinkel in Stumpwerk olv Corné Gaspar op Kroonstad aan en handvlyt kursusse is in meeste takke aangebied.



Uitreikaksies:

Alhoewel VVLU nie as 'n liefdadigheids organisasie bekend staan nie, maak dit 'n groot deel van takke se doen en late uit.

Dit sou interessant wees om te kon tel hoeveel omgee beertjies in die area uitgedeel is. Dit was armsvol en oral is gesiggies met glimlaggies verhelder by die ontvangs daarvan.

'n Ander projek wat aandag geniet is die kosprojek Bottels van hoop waar koffiebottels met bestanddele 'n gesonde maal vir 'n gesin van 4 kan voorsien.



My besondere dank mevrou, gaan aan elke lid wat meer as haar deel gedoen het veral aan die voorsitters vir hulle ondersteuning deur die jaar. Hulle kon uitdagings waarlik in suksesse verander.

Ek noem ook graag vir Sanet van der Walt wat vir jare as sekretaresse en tesourier die area gedien het. Sanet het na

Johannesburg verhuis maar as tesourier aangebly en daarvoor 'n spesiale dankie.

Aan Hanri Cilliers wat my uiters bekwame sekretaresse was ook 'n spesiale woord van dank. Dit was lekker met jou aan my sy. Jy het my werk makliker gemaak.

Mev Kotze, Hiermee Area 1 se jaarverslag vir aanname